

Saterdag 16 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 8:1-5	Fokusgedeelte: Hebreërs 8:5
--------------------------------------	------------------------------------

Ons bediening op aarde is 'n skadubeeld van Christus se oorwinning

Die werk van mense is nooit voldoende nie. Daar is altyd tekortkominge. Daarom is die werk van Christus so wonderlik – dis genoeg, foutloos en volmaak.

Christus het gekom en was die volmaakte offerlam sodat die offersisteem vervul kan word. Christus was self beide die hoëpriester en die offerlam gewees. Daarom het ons nie meer 'n aardse hoëpriester wat namens ons intree by God nie, maar Christus tree as hoëpriester, nee, as hoogste-priester vir ons in by God in die hemel, want Hy sit aan die regterhand van die troon. Deur Christus se werk as Hoëpriester kan ons enige tyd tot God bid en in sy teenwoordigheid staan, nie net een maal per jaar deur die werking van iemand anders nie.

God maak dus nie nuwe beloftes nie, maar Christus as Middelaar en bedienaar van die nuwe verbond laat hierdie beloftes vir ons in werking tree.

Vers 3 en 4 beskryf duidelik die rol van die priester in die ou verbond. Hierin word beklemtoon hoe volmaak die rol van Christus is in die bediening van die nuwe verbond. Hy is nie sterflik en verganklik soos die aardse priesters nie. Hy leef ewig in die hemelse woonplek en bedien die nuwe verbond. Daarom kan ons Christus se werk as bedienaar en Middelaar sien as die rede hoekom die verbond beter is. Sy bloed wat gevloei het, is voldoende. Hy is die volmaakte offer en volmaakte Middelaar.

Die bloed van Christus is voldoende om volkome versoening te bewerk tussen ons en God in die nuwe verbond. Op hierdie punt word die eerste lesers dus duidelik bewus gemaak dat die offersisteem van die ou verbond nie meer nodig is nie, maar dat Christus beter is. Sy bloed is voldoende.

Hoewel ons dus nie die volmaakte oorwinning van Christus in al sy glorie nou beleef nie, sien ons die afbeelding raak in die kerk van Christus wat Hy vir Homself afgesonder het.

Sing: Skrifberyming 18-6:4

Ds. PF Venter (Peter) (Vanderbijlpark Trinitas)